Wes-Kaapse Regering

BETER TESAME.

# BELANGRIKE KENNISGEWING

## UITNODIGING VIR BENOEMINGS VIR DIE AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE BEHEERRAAD VAN DIE WES-KAAPSE DRANKOWERHEID

Die Wes-Kaapse Drankowerheid ("WKDO") is by artikel 2 van die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008)("die Wet"), ingestel. Daar is tansvakatures op die beheerraad ("die Raad") van die WKDO vir persone wat aan die onderstaande vereistes voldoen. Belanghebbende persone word uitgenooi om kandidate te benoem wat na hul mening geskik is om aangestel te word as lede van die Raad. 'n Soortgelyke uitnodiging vir benoemings is onder Provinsiale Kennisgewing 93/2020 van 25 September 2020 gepubliseer en kan gevind word op die webblad https://bit.ly/3ixiTqh

Die verantwoordelikhede van 'n lid is onder meer die bywoning van en deelname aan vergaderings van die Raad en enige ander funksies soos voor voorsiening gemaak in die Wet en ander toepaslike wetgewing.

**Benoemdes moet aan die volgende vereistes voldoen:**

(a) minstens 25 jaar oud wees;
(b) 'n Suid-Afrikaanse burger en permanente inwoner van die Wes-Kaap wees;
(c) nie ingevolge artikel 5 van die Wet gediskwalifiseer wees nie;
(d) beskik oor toepaslike kennis van of ondervinding in—
(i) stelsels en prosesse om behoorlike rekenpligtigheid, integriteit en openheid in die bestuur van die sake van 'n organisasie te verseker; of
(ii) die hantering van die bestryding van die negatiewe maatskaplike gevolge van die misbruik van drank.

Alle benoemings moet die redes uiteensit waarom die benoemde hom- of haarself geskik ag vir aanstelling as 'n lid van die Raad en moet vergesel wees van die benoemde se mees onlangse curriculum vitae.

Alle benoemings moet skriftelik ingedien word in die vorm van Vorm 1 in Aanhangsel 3 van die Wes-Kaapse Drankregulasies, 2011, tesame met die benoemde se curriculum vitae. Benoemingsvorms kan op versoek by adv. JC Gerber SC verkry word by jan.gerber@westerncape.gov.za of vanaf die webblad https://www.wcla.gov.za/members_of_the_board.

Aanstellings sal gemaak word met ras- en gelagsensitiwiteit. Lede van die Raad word deeltyds aangestel vir 'n tydperk wat die Provinsiale Minister bepaal en wat nie vier jaar mag oorskry nie.

Alle benoemings moet voor of om 12:00 op 13 November 2020 ingedien word—

**(a) deur dit te pos aan:**
Adv. JC Gerber SC
Posbus 5346
Kaapstad 8000;

**(b) deur dit te e-pos na:**
jan.gerber@westerncape.gov.za
(Merk die onderwerp duidelik: WKDO-BENOEMINGSVORM);

**(c) deur dit te faks na:**
086 531 4283; of

**(d) deur dit af te lewer aan:**
Waarnemende Hoof van die Departement van
Gemeenskapsveiligheid
Ontvangs
Grondverdieping
Waalstraat 35
Kaapstad.

**Navrae kan gerig word aan adv. JC Gerber SC:**
**Tel:** 084 814 4961; of
**E-pos:** jan.gerber@westerncape.gov.za.

Alle benoemings sal as hoogs vertroulik hanteer word.